# Nehemia, die man met ondernemingsgees

“Wat dink jy?” vra Nehemia vir sy broer toe hulle die vervalle stadsmuur geïnspekteer het.

“Die muur lyk vir my plek-plek baie sleg, maar dis seker nie onmoontlik om dit te herstel nie,” antwoord hy, en sy stem hang onseker in die lug.

“So?”

“Waar gaan ons die mense kry om dit te doen, en die geld kry om hulle te betaal? Ek weet nie hoe groot jou beursie is nie, my ou boetie, maar dit gaan ’n werkspan van sê vyftig man ’n baie lang tyd vat om dié muur te herstel.”

“Dis omdat almal tot nou toe soos jy geredeneer het dat daar nog niks gebeur het nie.”

Ganani kyk verras op. “Het jy ’n plan?”

“Natuurlik. Ek gaan die hele volk by die herstelwerk betrek. Dis iets wat almal saam moet doen.”

Hy skud sy kop treurig. “Ons mense is ’n klomp dwarstrekkers, my ou broer. Net as jy dink nóú het jy hulle hier mooi bymekaar, dan spring daar anderkant ’n paar uit, en teen die tyd dat jy daardie klompie gepaai en gepamperlang het, is die klomp hierdie kant weer uit. Dís die moeilikheid.”

“So wat jy eintlik sê is dat die groot uitdaging nie die herstel van die muur is nie, maar om ons mense te laat saamwerk?”

“Dis wat ek dink, ja.”

Die omvang van die uitdaging rys soos ’n groot monster voor Nehemia op. “Dan is daar twee dinge wat ons sal moet doen, Ganani: baie bid, en fyn beplan.”

> *Feitlik almal hét gehelp, en die stadsmuur is in ’n rekordtyd herstel – binne slegs twee en vyftig dae. Dit wys jou net wat vermag kan word as ’n mens ’n saak biddend en in geloof aanpak.*

## Onlangse Bydraes

- Hagar

- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming
- Lot

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026